# NOORDERLIGTE-TOER
## 16 -26 Maart 2024
## TOERPROGRAM

**Maart**

**Sa 16 JOHANNESBURG – STOCKHOLM**

Ons meld op **16 Maart** om **16:40** by **Swiss Air** se toonbank op die **O.R. Tambo-lughawe** aan vir vlug **LX 283** wat om **20:40 via Zürich** na **Stockholm** vertrek.

**So 17 ZŰRICH – STOCKHOLM**

Ons land vanoggend om **06:15** in **Zürich** vir die aansluitingsvlug **LX 1248** wat om **10:05** na Stockholm, die hoofstad van Swede, vertrek. Ons arriveer om **12:30**. Hierdie pragtige stad word deur die skrywer Selma Lägerloff beskryf as *the city that floats on water* omdat die stad op 14 eilande geleë is. Ons onderneem 'n stadstoer onder leiding van 'n plaaslike gids na onder andere die indrukwekkende stadsaal en talle ander historiese geboue. Ons geniet die pragtige uitsig oor die stad en besigtig die eeue-oue stadsdeel Gamla Stan met sy imposante koninklike paleis, waar ons die smal Middeleeuse straatjies te voet verken. Ons besoek verder die wêreldbekende Vasa-museum met die Vasa-oorlogskip wat op 10 Augustus 1628 tydens haar nooiensvaart gesink het. Die skip is eers in die laat 50er jare gerestoureer. Ná 'n baie interessante stadsbesoek word ons na ons hotel geneem.

Die hotel is sentraal geleë. Toerlede kan die ou stad verder op hulle eie verken deur in een van die vele koopstrate of langs die waterfront rond te drentel, inkopies te doen of een van die talle museums of kerke in die stad te besoek.

Ná 'n driegang-aandete in die hotel volg 'n welverdiende nagrus.

**Ma 18 STOCKHOLM – KIRUNA**

Ons vertrek ná ontbyt na die lughawe Arlanda vir 'n laatoggend-vlug na Kiruna, Swede se noordelikste stad en geleë in die Sweedse Lapland. Ons is nou reeds noord van die Pool- of Arktiese sirkel. Die volgende twee dae bly ons in die hartjie van Lapland.

Voor aandete by ons hotel kan ons rondstap in hierdie sneubedekte stad.

**Di 19 JUKKASJARVI**

Vandag wag groot opwinding in die sneeu. Eerstens rus ons onsself toe met spesiaal ontwerpte warm klere wat verskaf word. Ons trek dit bo-oor ons eie klere aan sodat ons gewapen is teen die koue wanneer ons op sleë gaan ry wat deur Husky-honde getrek word. Ons ry as't ware deur 'n sneeuwit sprokieswêreld waartydens ons stop vir warm drinkgoed. Ons stap ook saam met 'n gids deur die wêreldbekende yshotel, wat elke jaar opnuut gebou word. Tientalle kunstenaars se ontwerpe word gekeur en die reuse blokke ys word omskep in kamers wat bedags aan besoekers beskikbaar gestel word om die ys-kunswerke te besigtig. Daar is ook kans om in die yskroeg ons dors te les uit ysglase. Ons kan kies of ons in die Sami-museum wil rondstap, gaan sauna of wil gaan vir 'n Sweedse massering.

Ons geniet 'n heerlike buffet-middagete in die plaaslike restaurant.

Die opwinding is nog nie verby nie. Sodra dit donker word, vertrek ons op 'n noorderligte-fototoer waar ons ingelig word hoe om foto's van die besondere verskynsel te neem. Gidse met 'n uitgebreide kennis oor die noorderligte bepaal waar die beste plek is om heen te ry. Terwyl ons om 'n kampvuur sit en wag vir die 'dansende ligte', vertel die gidse vir ons interessanthede rondom hierdie verskynsel.





**Wo 20 KIRUNA – NARVIK**

Ná ontbyt vertrek ons na die stasie waarvandaan 'n pragtige treinrit oor die Noorse grens volg tot in Narvik, wat aan die Ofot-fjord lê. Vanuit die trein is daar 'n uitsig oor die 70 km lange Torne-meer wat gedurende hierdie tyd van die jaar toegeys is. Ons ry verby die Abisko Nasionale Park, deur toendra-landskap en tussen berge bedek met 'n sneeukombers. Ons het nog kans om voor sluitingstyd die oorlogmuseum te besoek wat o.a. inligting gee oor Noorweë se betrokkenheid by die Tweede Wêreldoorlog.

**Do 21 NARVIK – TROMSO**

Ons ry vandag per bus langs sneeubedekte bosse en kronkel om fjorde tydens 'n vier uur lange rit na Tromso.

Tromso is omring deur ongerepte natuurskoon van fjorde en berge. Besoekers stroom gereeld na hierdie klein stadjie met 73 000 inwoners om, indien die weer dit toelaat, die noorderligte te sien. Tromso staan ook bekend as die hart van die kultuur bo die Arktiese Sirkel.

Ons bly drie nagte hier. Dit is een van dié plekke ter wêreld wat bekend is vir die skouspelagtige verskyning van die *Aurora Borealis*. Ons hotel is sentraal geleë en binne loopafstand van 'n winkelsentrum, kunsgalery en Tromso se hout-katedraal.

Ná 'n ligte buffet-aandete, en toegerus met die nodige ekstra warm klere, vertrek ons met 'n minibus saam met gidse vir wie dit 'n passie is om toeriste by die noorderligte uit te bring. Hulle doen alles in hul vermoë sodat ons dit wel kan sien, hoewel dit onvoorspelbaar is. Die gidse deel inligting oor die noorderligte. Hulle sorg ook dat ons so gemaklik moontlik is en heerlike warm eet- en drinkgoed geniet. Ons keer laatnag terug na ons hotel.

**Vr 22 TROMSO**

Vanoggend het ons 'n keuse om laat te slaap, die omgewing te verken of 'n opsionele bootvaart op die fjord doen om uit te kyk vir wild, selfs onderwater-besigtiging d.m.v. 'n onderwater-kamera.

Sodra dit donker word, neem 'n toergids ons weer per bussie uit die stad ten einde die noorderligte te besigtig. Ons keer laatnag terug na ons hotel.

**Sa 23 TROMSO**

Vandag is daar keuses van opsionele uitstappies soos die Arktiese, Polar- of Trol-museums; 'n kabelkarrit, besoek aan 'n Sami-kamp waar hulle ons met tradisionele kos en hul tipiese sang onthaal. Rendiere kan hier gevoer word en selfs 'n sleerit is moontlik. Daar is ook kans vir inkopies. Vanaand se keuse om weer noorderligte te gaan besigtig, is opsioneel.

**So 24 TROMSO - OSLO**

Ná ontbyt word ons na die lughawe geneem vir ons vlug om **11.45** na Oslo, die hoofstad van Noorweë. Ons verlaat die sneeubedekte wêreld en arriveer om **13.20** in Oslo waarna ons 'n kort besigtigingstoer van hierdie indrukwekkende stad onderneem. Daarna gaan ons na ons hotel wat sentraal geleë is.

**Ma 25 OSLO – FRANKFURT**

Vanoggend kan ons later ontbyt eet en ry betyds na die lughawe vir vlug **LH 863** wat om **15.50** na **Frankfurt** vertrek. Ons arriveer om **18:10** in Frankfurt en vertrek om **22:00** met **vlug LH 572** na Johannesburg.

**Di 26 JOHANNESBURG**

Ons arriveer om **09.35** in Johannesburg met heerlike herinneringe en pragtige foto's van hierdie onvergeetlike belewenis!

***LW:*** *Weens omstandighede buite ons beheer kan dit gebeur dat die toerprogram aangepas moet word*